Charl de Kock - 082 929 4591 - [cdecock@wesgrow.co.za](mailto:cdecock@wesgrow.co.za)



[www.wesgrow.co.za](http://www.wesgrow.co.za)



---

# VARIETY

of

# SOLUTIONS

---

## SABABA


- \* big size tubers
- \* powdery scab resistant
- \* very strong foliage
- \* blight resistance

## TYSON

- \* early bulking
- \* powdery scab resistance
- \* even tuber set, big sizes

## ALLISON

- \* very high yield
- \* strong emergence
- \* drought tolerance



## PANAMERA

- \* high yield
- \* bright smooth skin
- \* blight resistance

## SIFRA

- \* bright smooth skin (prepacker)
- \* high yield
- \* high percentage first grade

## MONDIAL

- \* we still aim to supply the best quality seed all year round

FOXY | VALOR



AARTAPPELSAAD BEURS  
POTATO SEED EXCHANGE


Landswye Verskaffers Van : Gesertifiseerde Moere | Aartappelsakkies | Plakkers | Paletnet | Polipropsakke

Countrywide Suppliers Of : Certified Seed Potatoes | Potato Pockets | Labels | Pallet Netting | Polyprop Bags


T +27 12 809 4000 | F +27 12 809 4003 | [www.rsaseeds.co.za](http://www.rsaseeds.co.za) | [admin@rsaseeds.co.za](mailto:admin@rsaseeds.co.za)



## Why settle for almost when you can get the real Haifa?



VS



Haifa

Almost

**Best  
Products  
only**

For over five decades successful farmers worldwide choose Haifa's plant nutrients to grow premium crops. For them, there is no almost, only the BEST.

Haifa South Africa | Head office: 021 982 0309 | Brackenfell, South Africa  
Gerrit Burger | 082 800 8766 | [gerrit.burger@haifa-group.com](mailto:gerrit.burger@haifa-group.com)  
Nico Neethling | 072 038 3380 | [nico.neethling@haifa-group.com](mailto:nico.neethling@haifa-group.com)  
[www.haifa-group.com](http://www.haifa-group.com)



# New technology available for fingerprinting of potato cultivars in South Africa

By Dr Inge Gazendam, researcher: Plant Breeding, ARC-VIMP

**T**rueness-to-type information of cultivars is essential for seed potato growers to provide true varieties to the potato industry. DNA fingerprinting is a molecular technique applied in the identification of genetic differences between cultivars or lines (clonal identity) and used for genetic purity testing (trueness-to-type).

The advantage of potato DNA fingerprinting is that it can be done at very early developmental stages, such as on mini-tuber or in vitro leaf material, and it is less resource intensive than morphological methods. Accidental mix-ups can therefore be identified at an early stage, before in vitro multiplication, to prevent costly mistakes later on. Cultivar genetic identity is important in the protection of plant breeders' rights.

The in vitro laboratory of the ARC-VIMP (Vegetable, Industrial and Medicinal Plants) is also dependent on DNA fingerprinting, and the laboratory cannot release material to the industry unless trueness-to-type is confirmed.

## SSR fingerprinting method

The DNA fingerprinting method previously applied at the ARC-VIMP is based on the polymerase chain reaction (PCR) of simple sequence repeat (SSR) markers, and the resulting mixtures of DNA fragments are separated according to their size by denaturing polyacrylamide gel electrophoresis (PAGE) on a large gel system.

The fingerprint fragments are then stained and scored for their presence and size (Figure 1). Differences are observed as the presence or absence of a particular

fragment. The results are also visually compared with a known cultivar fingerprint as reference.

The SSR fingerprinting method has low throughput, is labour intensive, incurs a high cost per data point, and scoring is highly subjective due to the indirect method of determining fragment sizes.

## SNP genotyping technology

Recently, single nucleotide polymorphism (SNP) became the marker of choice for applications in plant breeding and genetics as they are abundant, stable, amenable to automation, efficient, and increasingly cost-effective.

A new protocol was therefore developed for potato fingerprinting, using SNP genotyping. An SNP is the variation in a single nucleotide


that occurs at a specific position in the genome of any organism. SNPs are highly abundant in plants and are spread out evenly over the genome. In the potato genome, large numbers of SNPs have been identified, and one SNP is found on average in every 20 base pairs (bp).

Due to advances in SNP genotyping technology, it has become easier and more affordable to use SNP assays than ever before. Panels of SNP markers are therefore employed instead of SSRs for varietal identification at the institute.

## An SNP panel for local cultivars

An SNP panel was developed and optimised to fingerprint potato cultivars locally, using highly efficient competitive allele-specific PCR (KASP) assays. The purpose of

**Figure 1: DNA fragments generated by PCR of SSR sequences, separated on a large PAGE gel and stained with silver staining.**



\* The SSR fingerprints of five cultivars, indicated by CV 1 to 5, are presented for the same SSR marker.

this development was to replace the outdated SSR markers currently being used. The aim is to better serve the South African potato industry through the deployment of an efficient, reliable and cost-effective genetic fingerprinting method for clonal identification and trueness-to-type determination of potato cultivars.

All commercial potato cultivars have four copies of each chromosome. A specific potato cultivar can therefore have one of five SNP genotypes, indicated by the number of times one of the SNP alleles occurs, also referred to as the dosage number. For example, if 'A' and 'B' are the different alleles of a given SNP and 'A' is the reference allele, then the allele dosage classes are 0 (BBBB), 1 (ABBB), 2 (AABB), 3 (AAAB) or 4 (AAAA), as shown in Figure 2.


Dissimilarity between potato varieties can be caused by one dosage difference, suggesting that allele dosage is useful for variety identification. SNP markers are able to estimate allele dosage, therefore the nucleotide genotype as well as the copy number can be determined in a polyploid genome. In contrast, it is nearly impossible to determine the copy number of a fragment produced using an SSR marker.

### Method development

Initially, during method development, a collection of 190 potato cultivars and breeding lines were genotyped at 500 SNP sites using SeqSNP from LGC Genomics. All major potato varieties planted during the 2018/19 growing season were included in this study. An optimal panel of 25 informative SNP markers that can discriminate the 173 unique potato cultivars on a genetic allele dosage basis were identified.

SNPs were carefully selected to have a balanced allele frequency, resulting in a high polymorphism information content. The SNPs in this small panel were then

**Figure 2: Dosage of alleles in tetraploid potato. (Adapted from Bourke et al., 2018)**



\* In a tetraploid species, five distinct allele dosage classes are possible at a bi-allelic marker position, ranging from 0 to 4 copies of the reference allele. Here, the reference allele is coloured red, with the alternative allele coloured blue.

validated with KASP assays in the laboratory.


Results were plotted to see how the genotypes cluster into the five dosage classes (Figure 3). Only two of the 25 SNPs failed to cluster into the five dosage classes (results not shown). The final selected and successfully validated panel of 21 SNPs was able to distinguish

among all 173 unique potato cultivars used during method development, including those currently important in South Africa.

### Output and application

One of the most important outputs of the project has been setting up an SNP genotype database.

**Figure 3: Scatter plot constructed with KASP data points in the colour of the expected SeqSNP allele dosage.**



\* An example of a successful KASP SNP assay using marker 'K', which was able to cluster potato genotypes into the five gene dosage classes (colours according to the expected dosage). The yellow samples at the origin are no-template or water controls.

The subjective and sometimes inaccurate sizing of the SSR allele database makes comparisons of fragments from different potato profiles difficult. On the other hand, SNP genotypes simplify the germplasm genotype database, enabling automatic comparisons to determine the suggested identity of an unknown cultivar.

The SNP panel has been validated and is ready for application to potato samples submitted for fingerprinting or purity requests. All private farmer customers and public or private laboratories will have access to the service.

### Purity tests

Purity tests can be performed objectively and with higher throughput using KASP SNP assays to resolve identity or mixing issues of potato production stakeholders. If two cultivars are suspected to be mixed, a minimum number of appropriate SNPs can be applied to confidently discriminate between them.

A flexible selection of the most appropriate SNPs can also be made when a list of cultivars need to be distinguished. This minimises the analysis costs. When three SNP markers are applied for scientific robustness, the price break-even point of SNP fingerprinting compared to the current SSR prices is at four samples, and almost half of the

current price for fingerprinting twelve samples.

### Identification of samples

The probable identity of an unknown sample can be determined by comparing the SNP genotypes of the individual to the germplasm SNP genotype database. Possible hits with the lowest genetic differences will be identified and reported to the client.

### Genotyping new cultivars

If a new cultivar needs to be added to the SNP genotype database, it needs to be genotyped with all the 21 successful KASP SNP assays. There is a slight possibility that the KASP SNP panel cannot discriminate new cultivars from the ones used during method development. However, this panel of SNPs were chosen for their high polymorphism information content, and they should therefore be useful to discriminate between wider sets of potato germplasm.

Previously, five SSR markers were traditionally used to genotype a new cultivar to be added to the database. In reality we cannot size the SSR alleles anymore due to the discontinuation of the sizing ladder. For the full SNP panel, the price break-even point compared to the current SSR prices is at twelve samples. So rather than submitting one or two samples at

a time, it is advisable to submit twelve or more samples at a time to expand the database.

### Mixed samples

Mixes of plant material cannot be tested, since DNA fingerprinting tools are designed to treat one sample as one individual, and to assure the identity of an individual and not a group of individuals. Each individual has a unique genetic signature and has to be assayed separately. Any fingerprinting technique will simply try to find a match to the complex mix of genotypes.

One could find a match to the database, but you wouldn't be able to say if it was from one or more cultivars. Therefore, pooling of samples cannot be used as a cost saving approach. It is recommended to randomly select a set of individual plants to identify the identity of a cultivar within a varietal mix.

### Conclusion

This new method enables the ARC-VIMP to continue to serve the South African potato industry by providing a more effective and accurate genetic fingerprinting service for the purpose of clonal identification and trueness-to-type determination of potato cultivars. 🍅

For more information, send an email to Dr Inge Gazendam at IGazendam@arc.agric.za.

# Increase The Value Of Your Farm With A Water Use License

*Tri Con  
Agric Services*

Under Fresh  
New Management

visit [www.triconagricservices.co.za](http://www.triconagricservices.co.za)  
or scan the QR Code

**Water Licence Application Specialists**

Water Use License  
Applications

Dam Designs  
& Registration

Agri Development  
Surveys & Designs

Environmental  
Impact Assessments



# Motte maak amok: Deel 2

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels SA

**A**artappels Suid-Afrika (ASA) het in 2021 begin met 'n reeks werksinkels oor die beheer van aartappelmot. Die eerste drie werksinkels het in Limpopo plaasgevind en terugvoer is in *CHIPS* se Julie/Augustus 2021-uitgawe gepubliseer.


Nog vier werksinkels is in 2021 in die Oos-Vrystaat, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat en Sandveld gehou. In hierdie artikel word nog 'n paar relevante gedagtes van persone wat die werksinkels bygewoon het weergegee. Onder hulle is prof Hannalene du Plessis van Noordwes-Universiteit en dr Diederich Visser van die Landbounavorsingsraad se LNR – Groente, Industriële en Medisinale Plante. Dit is opwindend om te sien hoeveel insig die eerste resultate van monitoring met feromoonlokkvalle aan die lig gebring het.

**“Kan aartappelmot met biologiese middels beheer word?”**

Daar is biologiese middels geregistreer vir die gebruik om aartappelmot en *Tuta absoluta* te beheer en daar is 'n plek vir hulle. Hulle kan egter nie saam met enige chemiese produkte gebruik word nie.



Persone van verskillende streke, en wat verskillende produksiepraktyke toepas, het bymekaargekom om hulle kennis oor aartappelmot te verfris en nuwe insigte te kry oor die bestuur van die insek. Hier is 'n groep in WesGrow se raadsaal bymekaar.



Al hierdie motte is in een week in 'n delta-val met feromoon gevang langs 'n land wat die vorige seisoen geoes is en waar opslag voorgekom het. Op hierdie stadium het die streek nog nie begin om aartappels te plant nie. Dit was dus duidelik dat die boer nie eers 'n paar weke na opkoms kon begin met 'n spuitprogram in 'n nuwe land nie, aangesien die motpopulasie baie vinnig sou opbou.

**“Hulle is maar hier, sonder dat ons daarvan weet.”**

**Covid 19 het ons geleer dat dinge op 'n afstand gedoen kan word.**



Aartappelboere van die Sandveld kon op kort kennisgewing hul kennis verfris deur te luister na die opnames wat deur dr Diedrich Visser gemaak is oor aartappelmot en *Tuta absoluta*. Elke bywoner het 'n geheuestokkie ontvang met al die opnames, en nog baie ander inligting, sodat elkeen op sy tyd hersiening kon doen, en dit met kollegas kon deel.

**“Ontwerp 'n spuitprogram wat gebaseer is op die IRAC-groep waaraan insekdoders behoort, om weerstand te vermy.”**

'n Middel van 'n spesifieke groep moet vir die duur van 'n lewensiklus aangewend word, en dan vir 60 dae nie weer gebruik word nie. Die IRAC-groep van elke produk word op die etiket aangedui.

A suspension concentrate stomach and contact insecticide for the control of various insect pests as listed.

'n Suspensie-konsentraat maag- en kontakinsekdoder vir die beheer van verskeie insekplae soos gelys.

**IRAC INSECTICIDE GROUP CODE 22 IRAC INSEKDODER GROEPKODE**

**ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDEEL:**

indoxacarb (oxadiazine)

.....150 g/l

indoksakarb (oksadiasien)

**“Feromoonvalle help 'n mens om te sien wat aangaan.”**

Hieronder is 'n rekord van motgetalle van twee lande wat 300 m uitmekaar is. Motte is van die begin van die seisoen af in die ou land met opslag aangeteken, maar na slegs twee weke is groot getalle motte ook in die nuwe land aangeteken. Soos die plante gegroei het, het dit al hoe meer motte gevang. Motte van die opslagland het heel waarskynlik na die nuwe land gevlieg vanaf die opslagland.

Datum	DW3.1 (opslagland)	N1.2 nuwe aartappelland (300 m weg van opslagland)
11/10/2021 (een week)	68	5
25/10/2021 (drie weke)	202	79
08/11/2021 (vyf weke)	<b>396</b>	<b>155</b>
21/11/2021 (sewe weke)	160	220
05/12/2021 (nege weke)	498	482

**Knolle wat in die winter in grond geberg word, is 'n sagte teiken vir aartappelmot.**

Aartappelmot oorwinter nie. Die duur van die lewensiklus is net heelwat langer in die winter as in die somer. Monitoring op Roodeplaat het gewys dat motte regdeur die winter gevang word, ten spyte van die feit dat minimumtemperatuur dikwels onder vriespunt daal. Indien knolle geberg word in grond, moet die boer seker maak dat hulle nie bereikbaar is vir die larwes wat in die winter uitbreei nie.

**Deltavalle met feromoonlokaas is 'n veilige, eenvoudige en goedkoop manier om motgetalle te monitor.**

Feromoon is baie spesifiek vir 'n bepaalde spesie. Dit is dus ook 'n manier om vas te stel of *Tuta absoluta* in 'n streek voorkom en of dit in groot getalle voorkom.

*Feromoonkapsule*

Vervangbare taai strook waaraan motte vassit.



**“Hoe ver vlieg motte?”**

Hierdie aspek van aartappelmot is nog nie in Suid-Afrika bestudeer nie, maar uit die VSA word berig dat motte sowat 240 m ver kan vlieg. Dit is moontlik dat hulle nog verder kan vlieg as 'n mens die resultate in die gedeelte '*Feromoonvalle help mens sien wat aangaan*', in aanmerking neem.

Motvlugte sal deur wind beïnvloed word, maar hulle word nie in hoë-lugstrome opgeneem om oor lang afstande te migreer nie. Aartappelmot en *Tuta absoluta* word oor lang afstande in knolle en saailinge (*tuta*) versprei. 📍

Vir meer inligting, kontak dr Fienie Niederwieser by [fienie@potatoes.co.za](mailto:fienie@potatoes.co.za) of 083 634 4848.

# Laatroes

## op aartappels


### Laatroes

Die patogeen *Phytophthora infestans* "laatroes" is een van die grootste bedreigings vir die aartappelproducent regoor Suid-Afrika. Indien laatroes nie korrek beheer en bestuur word nie, kan die siekte geweldige groot opbrengsverliese meebring. Die implementering van 'n geïntegreerde swamdoderprogram is daarom van kardinale belang, ten einde jou aartappelgewasse die beste moontlike beskerming te bied en 'n suksesvolle oes te verseker.


### Die lewensiklus

Die laatroes-patogeen kan seksueel en aseksueel voortplant. In Suid-Afrika is slegs die aseksuele fase geïdentifiseer. Die aseksuele fase is bekend om vinnig weerstand op te bou.

Fig 1. Lewensiklus van laatroes



### Tipiese laatroessimptome



## Ideale laatroeskondisies

- // Dagtemperatuur tussen 15 °C en 24 °C.
- // Nagtemperatuur nie minder as 10 °C nie.
- // Vog moet op die oppervlakte van die plant teenwoordig wees.
- // Relatiewe humiditeit van 90% en hoër.
- // Hoë humiditeit en vog moet teenwoordig wees vir die patogeen om te ontwikkel en om infeksie te veroorsaak.

## Weerstandbestuur ([www.frac.com](http://www.frac.com))

Weerstandbestuur is baie belangrik in die samestelling van 'n spuitprogram. Dit is bewys dat laatroes weerstand teen aanhoudende gebruik van produkte met dieselfde metode van werking ontwikkel. Weerstand is reeds aangeteken teen sekere aktiewes in Suid-Afrika en dit is raadsaam om die volgende in ag te neem met die keuse van laatroesprodukte:

- // Monitor siektevoorkoms, voorspelling en waarskuwingstelsels.
- // Waar weerstand geïdentifiseer is, moet 'n strategie wat die gebruik van produkte met verskillende metodes van werking insluit, geïmplimiteer word.
- // Wisseling tussen 'n sistemiese produk soos **INFINITO**® en 'n kontakwerkende produk soos **ANTRACOL**® is 'n belangrike aspek om weerstandsbestuur toe te pas.
- // Swamdodgebruik en siektedruk moet professioneel benader word en gereeld hersien word, om korrekte weerstandsbestuurpraktyke toe te pas.
- // Produktetikette dui die verskillende metodes van werking van die produkte aan. Die produkte moet afgewissel word om weerstandsbestuur toe te pas. Meer inligting is beskikbaar by <https://www.frac.info/>

## Eienskappe van laatroesswamdoders

Swamdoders speel 'n belangrike rol in die geïntegreerde beheer van laatroes. Die drempelwaarde vir laatroes is nul om infeksie te vermy.

## Swamdoder metode van werking:

- // **Kontakswamdoder** – Spore word gedood voor of met ontkieming voor penetrasie. Die swam moet teenwoordig wees op die blaar- of stamoppervlakte voordat die spore ontkiem of penetrasie plaasgevind het.
- // **Kuratiw swamdoder** – Die swamdoder is effektief teen die patogeen gedurende die onmiddellike na-infeksie periode, maar voor simptome sigbaar word m.a.w. die latente periode.
- // **Anti-sporulante swamdoder** – Letsels word geïmpak deur die swamdoder wat die spoorformasie laat afneem en/of die lewensvatbaarheid van die spore verminder.

Laatroesbeheerstrategieë is primêr voorkomend deur kontakswamdoders soos **ANTRACOL**® te spuit. Wanneer weersomstandighede gunstig is vir laatroes, kan 'n kuratiw en anti-sporulant soos **INFINITO**® gebruik word. Hou in gedagte dat die simptome twee tot drie dae neem om te verskyn. Kuratiw produkte moet toegedien word voor simptome waargeneem word.


## Kontak beheer met Antracol®:

- // **ANTRACOL**® is 'n meerdoelige swamdoder wat vroeë- en laatroes voorkomend beheer.
- // Wanneer toegedien word op plante, versprei die aktiewe bestanddeel en bind op die oppervlakte van die plant, maar dit penetreer nie die plantweefsel nie.
- // Net behandelde plantdele word beskerm.
- // Die mikro-voedingstof sink in Propineb is teenwoordig in 'n komplekse vorm wat maklik deur die plant opgeneem word. Sink speel 'n belangrike rol in biochemiese bane van die plant.
- // **ANTRACOL**® is 'n WP-formulasie en los goed op in water. Slytasie op spuitstukke word drasties verminder in vergelyking met ander meerdoelige swamdoders.

## Sistemiese beheer met Infinito®:

- // Dit is 'n formulasie met twee aktiewe bestanddele, Fluopikolied en Propamokarb. Hierdie bestanddele werk hand aan hand om elke deel van die aartappelplant te beskerm – blare, stam en moere.
- // **INFINITO**® val die laatroespatogeen aan op elke stadium van die lewensiklus, soos beklemtoon in **Fig 2**.

Fig 2: Voorbeeld van 'n Gewasbeskermingsprogram op Aartappels



Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07  
Wrenchweg 27, Isando, 1601  
Posbus 143, Isando, 1600,  
Tel: +27 11 921 5002

[www.cropscience.bayer.co.za](http://www.cropscience.bayer.co.za)  
[www.bayer.co.za](http://www.bayer.co.za)

Antracol® Zinc\*\* Reg. Nr. L2065 (Wet Nr. 36 van 1947). Antracol® Zinc\*\* bevat Propineb (dithiocarbamate) en zinc. (Versigtig). Belt® Reg. Nr. L8860 (Wet Nr. 36 van 1947). Belt® bevat Fluabendiamide (Versigtig). Biscaya® Reg. Nr. L9350 (Wet Nr. 36 van 1947). Biscaya® bevat Thiacloprid (chloro-nicotinyl). (Skadelik). Bulldock® Reg. Nr. L4540 (Wet Nr. 36 van 1947). Bulldock® bevat Beta-cyfluthrin (pyrethroid) (Skadelik). Confidor® Reg. Nr. L7240 (Wet Nr. 36 van 1947). Confidor® bevat Imidacloprid (Skadelik). Folicur® Reg. Nr. L3857 (Wet Nr. 36 van 1947). Folicur® bevat Tebuconazole (Versigtig). Infinito® Reg. Nr. L8470 (Wet Nr. 36 van 1947). Infinito® bevat Fluopicolied en Propamokarb-HCl (Versigtig). Movento® Reg. Nr. L8559 (Wet Nr. 36 van 1947). Movento® bevat Spirotetramat (Versigtig). Nativo® Reg. Nr. L8942 (Wet Nr. 36 van 1947). Nativo® bevat Tebuconazole en Trifloxystrobin (Versigtig). Velum® Prime Reg. Nr. L9565 (Wet Nr. 36 van 1947). Velum® Prime bevat Fluopyram, (Versigtig). Antracol® Zinc\*\*, Belt®, Biscaya®, Bulldock®, Confidor®, Folicur®, Infinito®, Monceren®, Movento®, Nativo® en Velum® Prime is geregistreerde handelsmerke van Bayer AG, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa // // // Twitter: @bayer4cropssa

# 'N OSEAAN VAN VOORDELE

**AFRIKELP® BIOSTIMULANTE**  
Bevorder groei, kwaliteit en opbrengs.

## Waar land en water ontmoet ... daar lê 'n oseaan van voordele.

**Afrikelp®** het met die natuur kragte saamgespan om vir jou 'n natuurlike oplossing vir verbeterde landbouprestasie te bring. Ons vloeibare seewierekstrak is wetenskaplik ontwikkel om noodsaaklike komponente te behou wat opbrengs en gewaskwaliteit verbeter en weerstand bied teen omgewingstresfaktore. Bou 'n vennootskap met 'n maatskappy wat die voordele van die oseaan benut tot die voordeel van jou boerdery.

### Bou 'n vennootskap met Afrikelp.

-  **Mengbaarheid:** Afrikelp is mengbaar met 'n wye verskeidenheid ander landbouprodukte.
-  **Grond:** Verbeter die groeikragtigheid van saailinge deur middel van direkte aanwending by die wortels.
-  **Volhoubaarheid:** Ons vloeibare seewierekstrakte word geproduseer van seewier wat op 'n volhoubare wyse geoes is, vir die wedersydse voordeel van die oseaan en jou boerdery.
-  **Groei:** Afrikelp se unieke samestelling van natuurlike biostimulante, hoofsaaklik oksien, stimuleer die groei van wortels, spruite en vrugte.
-  **Plant:** Kan direk aangewend word op die blare van plante deur middel van blaarsproei.
-  **Dinamies:** Verbeter die dinamiese biochemiese prosesse in die plant vir optimale plantselontwikkeling.
-  **Kelp:** Die unieke Suid-Afrikaanse kelp, *Ecklonia maxima*, ryk in oksien, sinchroniseer en bevorder gewasproduksie.

Het jy al die krag van die natuur aangewend?

**Gesels met ons vir meer inligting.**

**+27 21 551 3556**

[www.afrikelp.com](http://www.afrikelp.com)



Elim is 'n eksklusiewe verspreider van **Afrikelp-produkte**. Kontak jou naaste verkoopsverteenvoorder by **012 252 4455**

nurturing growth







## Limpopo-kultivarproef onder besproeiing op Dendron in 2021

Deur Chantel du Raan, Aartappels SA

Die Limpopo-produksiegebied produseer sowat 22% (2019-oesjaar) van die land se totale aartappelproduksie – die hoogste in Suid-Afrika. Hierdie streek plant aartappels onder besproeiing vir tafelgebruik en verwerking, en die hoofkultivars vir tafelaartappels sluit Mondial, Valor en Sifra in.

Proewe word op Dendron uitgevoer, 'n klein Bosvelddorpie op die R521, ongeveer 61 km noordwes van Polokwane. Dendron is geleë in 'n tropiese somerreënvalgebied met 'n jaarlikse gemiddelde reënval van 403 mm (Figuur 1).

Baie lang, warm en gedeeltelik bewolkte somers kom voor, terwyl die winters kort, koel en droog is. Een rede vir dié streek se groot


bydrae tot die bedryf, is die feit dat dit twee produksieseisoene het. Dit sluit 'n vroeë aanplanting wat gedurende Januarie tot Maart geplant word in, terwyl die hoof aanplanting vanaf April tot en met Julie geplant word.

Die 2021-proef is in sandleemgrond in 'n ewekansige blok-ontwerp met drie herhalings uitgevoer. Verdere tegniese inligting rakende die proefperseel en uitleg, word in Tabel 1 opgesom.

Dit is belangrik om daarop te let dat groeitydperke die opbrengs van kultivars kan beïnvloed. Groeitydperke word gedefinieer as die aantal dae vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen. Die presiese tydsberekening van die vier groeifases hang van die omgewing en bestuurspraktyke af, wat wissel tussen lokaliteite asook kultivars, onder andere as gevolg van die verskillende groeitydperke.

Die kultivars, plantgereedheid van moere, standpersentasie en halmtelling van hierdie proef word in Tabel 2 aangedui.

Figuur 1: Ligging van Dendron in die Limpopo-produksiegebied.



**Tabel 1: Opsomming van tegniese inligting rakende die proefperseel en -uitleg.**

Plaas	Zandput Boerdery
Boer	Mossie Jongbloed
Plantdatum	11 Mei 2021
Oesdatum	30 September 2021
Besproeiing/droëland	Besproeiing
Dubbel- of enkelrye	Twee enkelrye per kultivar
Loofafsterwe	Natuurlik
Tussenry-spasiëring	0.9 m
Inry-spasiëring	0.30 m
Proefperseel per eenheid	18 m <sup>2</sup>
Plantestand	37 037 plante/ha

**Waarde van abiotiese faktore**

Temperatuur, dagliglengte en water is die belangrikste abiotiese faktore wat die groeipatroon, opbrengs en gehalte van aartappels beïnvloed. Om die aanpassingsvermoë van nuwe kultivars in die Dendron-omgewing te bepaal, moet hierdie faktore in aanmer-

king geneem word wanneer die prestasie van verskillende kultivars geëvalueer word.

Dit is ook belangrik dat die kultivars vir 'n aantal seisoene geëvalueer word, omdat klimaat van seisoen tot seisoen verskil.

Daaglikse asook langtermyn-weerdata (laaste vyf jaar) is vanaf die

Zandput-stasie op die proefperseel verkry. Ondergemiddelde reënval is regdeur die groeiseisoen van 2021 ondervind. Kumulatiewe reënval vir die groeiseisoen (1.8 mm) was laer in vergelyking met die gemiddelde kumulatiewe langtermynreënval van 6.2 mm (Figuur 2).













Wat die maksimum- en minimum-temperature betref, het die weerstasie egter 'n tegniese probleem ondervind en is 'n gedeelte van Mei se minimum- en maksimumtemperatuur nie beskikbaar nie.

Beide die minimum- en maksimumtemperatuur (Figuur 3) was regdeur die 2021-groeiseisoen laer in vergelyking met vorige jare (langtermyn-data), veral gedurende Julie, toe die temperatuur tot -1.18 gedaal het. Die maksimumtemperatuur was ook relatief laag in vergelyking met vorige jare en daar was slegs 17 dae bo 30°C, en twee dae bo 35°C.

**Hitte-eenhede volg langtermyn-tendens**

Hitte-eenhede is nog 'n belangrike

**Tabel 2: Karaktereïenskappe rakende groeitydperk, plantgereedheid, stand (%) en halmtellings vir elke kultivar in 2021.**

Agente	Kultivar	Groeitydperk (dae) <sup>1</sup>		Plant-gereedheid <sup>2</sup>	Stand (%)	Halms per plant	Halms per ha
 First Potato Dynamics	Abalone	Medium	(90-110)	3	94	2.2	76 688
 First Potato Dynamics	Adato	Medium tot lank	(110-115)	2	100	2.9	107 407
 Zytem	El Mundo	Kort tot medium	(90-100)	1	100	1.9	69 959
 RSA	Foxy	Kort tot medium	(95-100)	2	97	7.4	266 013
 GWK	Lanorma	Kort	(80-90)	2	97	1.9	68 301
 Zytem	Mondeo	Medium	(90-110)	2	100	2.4	88 889
 LUCI grow	Mondial	Kort tot medium	(95-100)	2	100	3.4	125 926
 LUCI grow	Panamera	Kort tot medium	(95-100)	2	100	1.4	51 852
 LUCI grow	Sababa	Medium tot lank	(110-115)	2	97	1.9	68 301
 LUCI grow	Sifra	Kort tot medium	(90-100)	3	85	3.7	116 884
 First Potato Dynamics	Sound	Medium	(100)	2	85	4	126 362
 GWK	7 Four 7	Kort	(80)	2	97	3	107 843
 LUCI grow	Tyson	Kort tot medium	(90-100)	3	88	2.1	68 627

<sup>1</sup>Algemene riglyne en kategorieë (dae van opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen): Kort: 70 tot 90 dae; Kort tot medium: 80 tot 100 dae; Medium: 90 tot 110 dae; Medium tot lank: 90 tot 120 dae; Lank: 90 tot 140 dae.

<sup>2</sup>Plantgereedheid van moere: 1 - vars, 2 - effens vars, 3 - plantgereed, 4 - effens oud, 5 - oud.

faktor om in ag te neem, aangesien die ontwikkeling van die plant hoofsaaklik op die versameling van hitte-eenhede gebaseer is. Daar word dus aanvaar dat die plant 'n sekere aantal hitte-eenhede moet versamel om 'n ontwikkelingsfase te voltooi.

Die hitte-eenhede van die 2021-groei seisoen het dieselfde tendense getoon as langtermyn data en word in *Figuur 4* aangedui. Aan die einde van die seisoen was die kumulatiewe hitte-eenhede 11.4% laer as die kumulatiewe langtermyn hitte-eenhede.


Die opbrengsdata is statisties verwerk met behulp van die GenSta<sup>®</sup>-program, en die gemiddelde geskei deur die Tukey-toets van kleinste betekenisvolle verskille (KBV) te gebruik. Die kultivareffek gedurende die 2021-proewe (*Figuur 5*) was statisties beduidend ( $p < 0.05$ ) ten opsigte van opbrengs, terwyl die koëffisiënt van variasie (KV) laag (10.2%) was. Dit dui aan dat die proewe goed uitgevoer en die resultate betroubaar is.

Die gemiddelde opbrengs vir die kultivarproef was 70.4 t/ha. Gedurende die 2021-proewe (*Figuur 5*) het die kultivars Foxy, Mondial, Sababa, Mondeo, Sound, Sifra, El Mundo en Panamera die hoogste opbrengste gelewer. Kultivars Foxy, Mondial, Sababa, Mondeo, Sound en Sifra het 'n hoër opbrengste as die proefgemiddeld (70.4 t/ha) bereik.


Ten einde kultivarprestasie in terme van opbrengs en gehalte te bepaal, is die opbrengs, grootte-groepverspreiding en klas gebruik om 'n bemarkingsindeks teen die gemiddelde markprys vir die betrokke dag te bereken. Die opbrengs, vermenigvuldig met die heersende prys wat deur die grootte-verspreiding en gradering bepaal word, gee die bemarkingsindeks (*Figuur 5*).

Mondeo het die hoogste bemarkingsindeks behaal, wat aan 'n kombinasie van hoë persentasie groot knolle (*Figuur 6*) en 'n hoë persentasie Klas 1-aartappels (*Figuur 7*) wat die kultivar gelewer het, toegeskryf kan word.

**Figuur 2: Reënval gedurende die groeiseisoen (2021) asook die langtermyn gemiddelde reënval.**




**Figuur 3: Minimum- en maksimumtemperatuur (°C) gedurende die groeiseisoen (2021) asook die langtermyn temperatuur.**



\*Totale hitte-eenhede spesifiek vir aartappels (drumpeltemperatuur = 5°C) as gewas bepaal. Bereken vanaf uurlikse data.

**Figuur 4: Hitte-eenhede gedurende die groeiseisoen (2021) asook die langtermyn gemiddeld.**





Duimnaelkrake ontstaan na 'n ligte besering aan die skil, sonder kneusing van die onderliggende weefsel. Koeler weer tydens oes kan veroorsaak dat knolle geneig is om te kraak. Sommige kultivars is meer sensitief hiervoor, en vier kultivars in die Dendron-proef het duimnaelkrake getoon. Genoegsame kalsium en magnesium help om duimnaelkrake te voorkom.


Tabel 3: Hoofredes vir afgradering tydens die Dendron-oes in 2021.

Kultivar	Bruinskurf	Duimnaelkrake	Sekondêre groei	Insekskade	Misvorming	Motskade	Rhizoctonia	Sandspleet	Vergroening
Abalone	X			X					
Adato		X							
El Mundo			X		X				X
Foxy	X								X
Lanorma	X			X	X				
Mondeo		X	X						X
Mondial			X						X
Panamera		X	X						X
Sababa		X							
Sifra						X			X
Sound					X				X
7 Four 7	X			X				X	X
Tyson							X		




Een rede vir dié streek se groot bydrae tot die aartappelbedryf, is die feit dat dit twee produksieseisoene het.

Figuur 5: Totale opbrengs en bemarkingsindeks per kultivar as persentasie van die proefgemiddeld vir 2021.




\*Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.

Figuur 6: Groottegroepverspreiding van elke kultivar tydens finale oes.



Figuur 7: Gradering van elke kultivar tydens finale oes.



Tabel 4: Prosseringseienskappe en interne gehalte van die kultivars in die 2021-proef. (Uitgevoer deur die Landbounavorsingsraad Roodeplaat)

Kultivar	Skyfkleur <sup>1</sup>	SG <sup>2</sup>	Droëmateriaal (%) <sup>3</sup>	Holhart	Bruinplek
Abalone	43	1.067	17.49	0	0
Adato	63	1.072	18.48	0	0
El Mundo	47	1.060	16.04	0	0
Foxy	42	1.059	15.85	0	0
Lanorma	58	1.066	17.34	0	0
Mondeo	44	1.064	16.85	0	0
Mondial	57	1.062	16.47	0	0
Panamera	58	1.064	16.92	0	0
Sababa	53	1.064	16.91	0	0
Sifra	60	1.066	17.29	0	0
Sound	55	1.066	17.27	0	0
7 Four 7	49	1.060	15.92	0	0
Tyson	46	1.065	17.06	0	0
≥ Norm (Aanvaarbaar vir prossering)			< Norm (Onaanvaarbaar vir prossering)		

<sup>1</sup>Skyfkleur met waarde >50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.<sup>2</sup>Soortlike gewig van >1.075 is aanvaarbaar vir die prosseringsbedryf.<sup>3</sup>Die persentasie droëmateriaal is 'n berekende waarde:  $DM\% = 24.182 + 211.04 * (SG - 1.0988)$ . Die werklike persentasiewaarde sal effens verskil tussen kultivars uit hierdie berekeningswaarde.

Die hele  
seisoen  
is op  
die spel

**FMC**

An Agricultural  
Sciences Company

## Rugby® 10 ME

Aalwurmbeskermer

Die beste verdediging teen aalwurms in aartappels begin in die voorseisoen. Rugby® 10 ME word reeds wyd en sydelings vertrou om 'n betroubare, beskermende groeiseisoen vir die gesonde ontwikkeling van aartappels te skep. Toediening met Rugby® 10 ME voor plant skop die seisoen reg af, en gee jou gewasse die heel beste kans om te presteer.

Rugby® 10 ME bevat kadasafos (organofosfaat) Reg. Nr. L6368 Wet Nr 36 van 1947, skadelik.

FMC Chemicals (Edms) Bpk, Posbus 44, Postnet Menlyn, Waterkloof Glen, 0181, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 12 003 2938.

Rugby® is die handelsmerk van FMC Corporation of sy affiliate. Datum: 01/2019.

TD 21/180

**GEBRUIK PLANTBESKERMINGSPRODUKTE MET VEILIGHEID EN VERANTWOORDELIKE SORG.  
VOLG TEN ALLE TYE AANWYSINGS OP ETIKET MET TOEDIENING VAN PLANTBESKERMINGSPRODUKTE.**

good chemistry



# BARRIER 450 SC

DIE OPLOSSING VIR SWAMSIKTES OP AARTAPPELS EN TAMATIES

## ○ PRODUKBESKRYWING

'n Suspensiekonsentraat kontak- en sistemiese swamdoder vir die beheer van swamsiektes op aartappels en tamaties.

## ○ WAT MAAK BARRIER 450 SC EFFEKTIEF?

- Dit is beide 'n kontak- en sistemiese produk wat voorkomende- sowel as genesende siektebeheer bied
- Bevat twee aktiewe bestanddele met baie uiteenlopende metodes van werking om siektebeheer te verseker
- Bied 'n anti-weerstand strategie deur twee aktiewe bestanddele uit verskillende FRAC (*Fungicide Resistance Action Committee*) groepe te kombineer
- Is 'n oplosbare konsentraat vloeibare formulاسie wat veiliger en makliker vermenging verseker
- Bied 'n breë spektrum van siektebeheer - met spesifiek goeie beheer van *Alternaria spp*
- Dit is 'n blouband swamdoder (lae toksisiteit) wat 'n minimale impak op die omgewing, mens en dier verseker
- Is 'n ideale pasmaatprodukt vir enige IPM (*Integrated Pest Management*) program

Barrier 450 SC Reg. Nr. L7604, Wet Nr. 36 van 1947

Bevat: Maneb (ditiokarbamaat), Prosimidoon (dikarboksimid), Sinkoksied. (VERSIGTIG)


AECI Chem Park, 200 Bergrivier Drive, Chloorkop, Kempton Park, 1619

T: +27 11 823 8000 E: [planthealth@aeciworld.com](mailto:planthealth@aeciworld.com) W: [aeci.com](http://aeci.com)

**AECI**<sup>®</sup>  
PLANT HEALTH



Tabel 5: Vleeskleur en interne gehalte van die opbrengs vir 2020/2021 in Ceres/Koue Bokkeveld.



Grootteverspreiding en gradering word ook gebruik om aartappels te klas en is dus belangrike faktore om in ag te neem ten einde ekonomiese, optimaal bemerkbare opbrengs te verseker. In *Figuur 6* word die groottegroepverspreiding, *Figuur 7* die gradering van die opbrengs, en *Tabel 3* die hoofredes vir afkeuring van die onderskeie kultivars aangetoon.

### Evaluasie van opbrengs

Die LINTUL-Potato-DSS-plantgroeimodel is gebruik om potensiële opbrengste van die kontrolekultivar, Mondial, te bereken. Potensiële opbrengs kan gedefinieer word as die teoretiese boonste opbrengsgrens in 'n geval waar water, voedingstowwe en biologiese faktore optimaal is vir die seisoen waarin die proef gegroei het. Dié inligting maak dit moontlik om die werklike opbrengs behaal in die proef, met gesimuleerde potensiële opbrengste te vergelyk.

Die verskil tussen die potensiële en werklike opbrengste is die opbrengsgaping. Dit illustreer hoe doeltreffend produsente hul omgewing en beskikbare hulpbronne gebruik om 'n hoë opbrengs te behaal.

Die verhouding tussen werklike opbrengs (70.14 t/ha) en potensiële opbrengs (82.0 t/ha) van die proef was 85.5% – dus 'n klein opbrengsgaping – wat daarop dui dat die beskikbare omgewing uiters doeltreffend benut word. Daar is dus beperkte geleenthede vir verdere toename in opbrengste, gegewe die klein opbrengsgaping.

Aangesien die kultivarproef vir die tweede keer in Dendron uitgevoer is, kan daar nog nie terugvoer oor die prestasie van die kultivars



*In die Limpopo-produksiegebied word aartappels hoofsaaklik vir tafelgebruik en verwerking geproduseer. Die vernaamste kultivars vir tafelaartappels sluit Mondial, Valor en Sifra in.*

oor die afgelope drie jaar gegee word nie.

Verder is 'n fokus op die interne gehalte van die produk nodig om ekonomiese, optimaal bemerkbare opbrengs en dus winsgewendheid te verseker. Dit sluit belangrike faktore soos prosesseringseienskappe, soortlike gewig (SG) en inwendige defekte (holhart en bruinvlek) in, wat in *Tabel 4* en *5* opgesom word.

Gedurende die 2021-groeiseisoen het al die kultivars, behalwe Abalone, El Mundo, Foxy, Mondeo, 7 Four 7 en Tyson, aan die skyfieleurnorm van >50 vir verwerking voldoen. Die SG, aan die ander kant, het geensins aan die norm van  $\geq 1.075$  vir verwerking voldoen nie. Rakende inwendige defekte, het holhart en bruinvlek by geen kultivar voorgekom nie (*Tabel 5*). 📍

### Met dank aan die volgende medewerkers:

Mossie Jongbloed, produsent, Schalk Grobbelaar, werksgroepvoorsitter, Schalk van Niekerk, RSA Potato Seed Exchange, Jeanine van Jaarsveld, First Potato Dynamics, Chris Prinsloo, Wesgrow, Michelle Lombard, RSA Saadbeurs, Renier Fourie, GWK, Evert van Staden, Yara.

Vir meer inligting, stuur 'n epos aan Chantel du Raan by [chantelr@potatoes.co.za](mailto:chantelr@potatoes.co.za).

# OROSORB® DUO

ONE PRODUCT THAT MAKES THEM ALL



A single product with multiple uses



OROWET® technology – The key to various functions



More than 600 trials over 15 years, who else can claim this?



Recommendations backed by local R&D team



Unique next-generation patented technology - Value to agent & grower



Safe, highly compatible with other chemistry. Leaves no residue.

CAN BE INCLUDED IN AN  
**IPM**  
STRATEGY

**NO RESIDUES**  
& NO WITHHOLDING PERIOD

IMPROVES  
**RAINFASTNESS**  
& **REWETTING**



**THE DOSE  
THAT MAKES  
IT HAPPEN**

OROSORB® DUO contains 50 g/ℓ orange oil and 68 g/ℓ non-ionic surfactant.

oroagri.co.za | @oroagrisa

**CAUTION** | Reg. No L10462 (Act No. 36 of 1947) OROSORB® DUO is a registered trademark of Oro Agri SA (Pty) Ltd (Reg. No 2001 / O27414 / O7) | P.O. Box 475, Somerset Mall, 7173 • Tel +27 21 850 0667 | Griffon Poison Centre +27 82 446 8946

**ORO AGRI**  
— A ROVENSA COMPANY —

# Die aartappelblaarmyner: Beheeroopsies teen die papies

Deur dr Diedrich Visser, LNR-Groente, Industriële en Medisinale Plante, en dr Pia Addison, dr Antoinette Malan en Thabu Mugala, Departement van Bewaringsekologie en Entomologie, Universiteit van Stellenbosch

In 'n vorige artikel in *CHIPS* het ons besonderhede van ons navorsing oor die oorsprong van die eerste blaarmyners vir die seisoen, verskaf. Ons bevindinge het aangedui dat blaarmyners vanuit papies wat dormant in geoeste aartappellande agtergebly het, uitbroei. Papies mag ná oes op of net onder die grondoppervlak voorkom, en ontwikkel dan tot volwasse vlieë gedurende die volgende plantseisoen.

Aangesien die ligging van die dormante papies altyd bekend sal wees (voorheen-geoeste lande), kan die verskynsel in geoeste lande uitgebuit word in 'n poging om vlieëgetalle daar te beperk. Indien papies beheer (doodgemaak) of verminder word, kan die eerste infestasies vir die seisoen beperk of vertraag word, wat weer tot beter insekdoderbeheer tydens die seisoen kan bydra.

Ons het drie potensieële strategieë ondersoek om papies in geoeste lande te beheer. Eerstens het ons geregistreerde insekdoders teen papies in die laboratorium geëvalueer. Tweedens het ons die moontlikheid ondersoek dat papies doodgemaak kan word deur hulle onder 'n grondlaag te begrawe, en dertens het ons na die doeltreffendheid van parasitiese nematodes (aalwurms) en fungi onder laboratoriumtoestande gekyk.

## Beheer met behulp van insekdoders

Tien geregistreerde insekdoders is in die laboratorium vir hul doeltreffendheid teen papies geëvalueer. Papies is tussen twee lae filtreerpapier, wat in 'n velddosis van insekdoder vir twee minute geweek is,



*Aartappelblaarmynerpapies (links), met die sterk papiedop wat die papie binne-in beskerm, duidelik sigbaar. Regs is blaarmyners wat uit hul papies, wat deur die papiedoppe beskerm word, kruip.*

geplaas, waarna hulle vir drie weke in skoon, droë Petri-bakkies gelaat is om uit te broei. Vergeleke met die onbehandelde papies, was geen van die insekdoders doeltreffend om die papies dood te maak nie.

Een rede vir die onvermoë van insekdoders om die papies te dood kan wees dat vlieg-papies binne 'n sterk omhulsel, wat as buitelaag dien om die papie te beskerm, gevorm word (Foto 1). Insekdoders mag dus onsuksesvol wees om die papiedop binne te dring, tensy 'n bymiddel vir indringing daarby gevoeg word.

Die meeste insekdoders bevat reeds benatters en bymiddels vir indringing in hul formulering om toediening op blare te bevorder. Agrochemiese maatskappye behoort dus die moontlike insluiting van 'n indringings-bymiddel in samestellings te ondersoek, wat die binne-dringing van die blaarmynerpapiedop moontlik sal maak. Indien so 'n middel

ontwikkel kan word, kan dit in nuwe samestellings of as 'n byvoeging tot bestaande insekdoders gebruik word, en kan dit tot nuwe, doeltreffende beheermiddels teen aartappelblaarmynerpapies lei.

## Begrawing van papies

Eksperimente met die begrawing van papies het getoon dat 'n laag van minstens 16 cm nodig is om papies in die grond dood te maak (Figuur 1). Teen dieptes van 8 cm en minder het van die vlieë daarin geslaag om uit te broei en



*Entomopatogeniese nematodes wat ná 72 uur uit dooie, geïnfecteerde papies te voorskyn kom.*


die grondoppervlak te bereik. 'n Aanbeveling kan dus wees om lande so gou as moontlik nadat dit geoes is, maar vóór winter, diep te ploeg om die aantal vlieë wat ná die oorwinteringstydperk kan ontwikkel, te beperk. Hierdie aanbeveling word tans in 'n opvolgprojek getoets, waarvolgens 'n geoes land in blokke verdeel en verskillende bewerkingsaksies daarop toegepas sal word.

### Entomopatogeniese nematodes en fungi

Die gebruik van twee patoogentipes, naamlik entomopatogeniese nematodes (EPN'e) en entomopatogeniese fungi (EPF's), om die papies van die aartappelblaarmyner te beheer, is in laboratorium-eksperimente ondersoek. Foto 2 toon 'n blaarmynerpapie wat deur nematodes geïnfecteer is.

Behandelings het nematodes van die genera *Heterorhabditis* en *Steinernema* ingesluit, terwyl behandelings met fungi die genera *Beauveria* en *Metarhizium* bevat het. Alle behandelings het wesenlike sterftes ( $p < 0.05$ ) tot gevolg gehad in vergelyking met die onbehandelde kontroles, wat daarop dui dat patogene in staat is om blaarmynerpapies te besmet en vrektes

**Figuur 1: Die gemiddelde getal vlieë wat in twee tipes grond uitgebroei het, naamlik 'n sanderige grond en 'n sanderige leemgrond, nadat papies teen dieptes van soveel as 16 cm (n = 20) begrawe is.**



in die laboratorium te veroorsaak (Figuur 2).


Hierdie patogene kan dus 'n belangrike instrument wees om blaarmynerpapies gedurende die seisoen te beheer, asook in geoes lande. Die resultate van die laboratoriumstudie moet wel in die veld bevestig word, aangesien patogene spesifieke toestande benodig (nabyheid van gasHERE, vog, beskerming teen UV-strale) om doeltreffend te wees. Aanvanklike resultate oor hul vermoë om papies binne te dring, blyk egter belowend te wees.

In die toekoms behoort 'n inokulasie-benadering van in vivo-gekweekte *Heterorhabditis baujardi* en die doeltreffendste lyn van *Metarhizium robertsii* ondersoek te word. Die hipotese is dat hierdie biologiese middels, in terme van ekostelseldienste, saam kan werk om papievrektes in die grond te verhoog en dus tot verlaagde infeksies deur papies in die volgende aartappelgroeienseisoen kan lei.

Die opsie bestaan ook om die doeltreffendheid van reeds geregistreerde produkte (nematodes en fungi wat teen ander peste geregistreer is) teen blaarmynerpapies in die grondongewing te ondersoek.

Uit ons voorlopige resultate is dit duidelik dat meer as een opsie om aartappelblaarmynerpapies in aartappellande te verminder, wel bestaan. Opvolgnavorsing van sommige van hierdie opsies word tans uitgevoer as deel van ons pogings om aartappelboere te help om infestasietydens die vroeë seisoen hok te slaan. Wanneer vroeë seisoeninfestasiedaal, sal blaarmynerreproduksie in lande beperk word en sal insekdoders moontlik meer doeltreffend wees om blaarmyner te beheer. 🍷

**Figuur 2: Blou: Mortaliteitspersentasie van vlieg papies weens nematodes (EPN'e) teen konsentrasies van 200 infektiewe larwes/50 µl water en water sonder nematode as kontrole. Oranje: 1x10<sup>7</sup> spore fungi (EPF's) per ml<sup>-1</sup>, en water sonder enige spore as 'n kontrole.**



Vir enige navrae, kontak dr Diederich Visser by 082 416 3340 of [Dvisser@arc.agric.za](mailto:Dvisser@arc.agric.za)

# MAKE THE EDUCATED CHOICE

## For the Love of Potatoes

FRAC: 9 & 12

**Tutor 500 SC**

Application: 150 ml/  
100 l water

Minimum of 750 ml/ha

Pathogen: Early blight  
(*Alternaria* spp.)  
and Grey mould  
(*Botrytis cinerea*)



# Tutor 500 SC

## EARLY BLIGHT AND GREY MOULD FUNGICIDE

Tutor 500 SC is a translaminar and contact suspension concentrate pre-harvest fungicide for the control of various diseases on onions, peppers, pomegranate, potatoes, strawberries, stone fruit (apricots, nectarines, peaches and plums), table and wine grapes and tomatoes.



Tutor 500 SC (pyrimethanil (aniline derivative) 400 g/l & fludioxonil (phenylpyrrole) 100 g/l)  
Reg. No. L9948 of Act 36 of 1947 Caution

ICA International Chemicals (Pty) Ltd. Reg No: 2001/013319/07

Tel: +27-21-886-9812

28 Planken Street, Plankenbrug Industrial, Stellenbosch, 7600, South Africa



ICA International Chemicals



[www.icaonline.co.za](http://www.icaonline.co.za)



**ICA**  
INTERNATIONAL  
CHEMICALS  
(PTY) LTD

ALWAYS REFER AND ADHERE TO LABEL AND DIRECTIONS FOR USE

# Minimise fungicide resistance risk: Include Tutor 500 SC in potato early blight programmes



Resistance, or a shift in fungicide sensitivity in early blight and other *Alternaria* spp. populations, can occur in potatoes (Fairchild *et al.*, 2013). A recent study initiated by Potatoes South Africa (PSA) indicated a shift in fungicide sensitivity to several frequently used fungicide groups in *Alternaria* populations in South Africa. This is cause for concern to fungicide suppliers and potato producers alike.

Recommendations by the Fungicide Resistance Action Committee (FRAC) to minimise the risk of fungicide resistance in *Alternaria* blights were published in *CHIPS*, Vol 36 No 1. It lists quinone outside inhibitors, succinate dehydrogenase inhibitors, and

demethylation inhibitors as commonly used fungicide groups for *Alternaria* spp. control. FRAC principles to be adhered to and examples of fungicide mixtures with different FRAC groups are indicated.

A doctoral study by Budde Rodriguez of the North Dakota State University, titled *Sensitivity of Alternaria Species to Ten Single-site Mode of Action Fungicides* and published this year in *Crop Protection*, again highlighted the issue of resistance.

In this thesis, the two anilinopyrimidine fungicides (cyprodinil and pyrimethanil) and fludioxonil are addressed, concluding that all three fungicides provided high levels of disease control, but that

fludioxonil provided the highest level of disease control to the eight *Alternaria solani* isolates assessed. This suggests that fludioxonil would be a strong mixing partner in early blight management application programmes.

## Tutor 500 SC for blight control

Tutor 500 SC (400 g/ℓ pyrimethanil + 100 g/ℓ fludioxonil) (reg. no. L9948, Act 36 of 1947) has already found its niche in potato production areas plagued by *Botrytis*. The recent label extension to include early blight control was only approved after the PSA study and therefore not included. Tutor 500 SC contains two FRAC groups in its

formulation which are not frequently applied for early blight control, namely pyrimethanil FRAC 9 and fludioxonil FRAC 12.

Besides the additional FRAC groups for resistance management, Tutor 500 SC showed excellent early blight control in registration trials, compared to other registered products containing two actives (Figure 1).


## Mode of action and recommendations

Fludioxonil is a contact fungicide that binds to the outer layers of leaves, preventing spore germination and pathogen growth on the leaf surface. Pyrimethanil is a contact and translaminar fungicide that penetrates plant tissue rapidly, with preventative and curative actions that interfere with the fungi enzymes needed during infection, thereby blocking the ability of fungi to degrade and digest plant tissue.


The highly synergistic effect of the two actives in Tutor 500 SC is demonstrated in improved efficacy for *Botrytis* control on nectarines, compared to the single active applications (Figure 2).

It is recommended to commence with preventative fungicide applications prior to disease presence. Always adhere to label recommendations and do not exceed the number of prescribed applications. Include multi-site fungicides in programmes to support the mainstay systemic fungicides and rotate with products that have different modes of action, such as TebuCure 250 EW (tebuconazole FRAC 3; reg. no. L7992, Act 36 of 1947) and Obstructo 250 SC (azoxystrobin FRAC11; reg. no. 9323, Act 36, 1947).

**Figure 1: Efficacy of Tutor 500 SC in controlling early blight of potatoes, compared to registered fungicides containing two actives.**



**Figure 2: Trial on nectarines demonstrating the increased efficacy (synergism) of Tutor 500 SC compared to that of the single active formulations against *Botrytis* decay on inoculated fruit.**



For more information, contact ICA International Chemicals at 021 886 9812 or email [info@icaonline.co.za](mailto:info@icaonline.co.za).

# Wes-Vrystaatse kultivarproef onder besproeiing op Bultfontein in 2021

Deur Enrike Verster en Herman Haak, Aartappels SA, en Izak Cronjé, produsent


Die Wes-Vrystaat is 'n groot aartappel-produksiestreek met 40 produsente wat sowat 14% van die land se aartappels op ongeveer 7 372 ha produseer. Die mees prominente kultivars vir kommersiële verbruik (tafel- en verwerkingsaartappels) geproduseer, is Mondial (33%), Sifra (39%) en Lanorma (18%).

Bultfontein val in Suid-Afrika se somerreënvalgebied (*Figuur 1*) en het die afgelope 22 jaar 'n gemiddelde jaarlikse reënval van ongeveer 507 mm tussen Oktober en April ontvang.

Die matige klimaat van die streek sluit in baie warm somers (warmste in Desember en Januarie) tot koue winters met ryp wat vanaf April tot Augustus kan voorkom.

Die kultivarproef by Bultfontein is in sandleemgrond uitgevoer en in 'n ewekansige blokontwerp met drie herhalings per kultivar uitgelê. In *Tabel 1* word relevante tegniese inligting rakende die proef uiteengesit. Ingesluit in die kultivarproef is kultivars met kort tot lang groeitydperke. Derhalwe kan groeitydperke die uiteindelijke opbrengs van sekere kultivars beïnvloed.

**Figuur 1: Ligging van Bultfontein in die Wes-Vrystaatse produksiestreek.**



## Groeitydperke

Die lengte van groeitydperke is onderhewig aan die aard van die seisoen, maar word gesien as die hoeveelheid tyd wat verloop vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe. *Tabel 2* dui die verskil in groeitydperke tussen kultivars aan. Omgewingsfaktore en bestuurspraktyke beïnvloed ook die verskillende groeitydperke en wanneer hulle 'n aanvang neem.

Stand en aantal halms per moer beïnvloed knol grootte en opbrengs. Die aantal ogies per knol is kultivar-afhanklik en bepaal die hoeveelheid spruite wat per knol voortgebring kan word. Plantgereedheid



**Tabel 1: Opsomming van tegniese inligting rakende die proefperseel en -uitleg.**

<b>Plaas</b>	<b>Oasis</b>		
<b>Boer</b>	Izak Cronjé		
<b>Plantdatum</b>	15 Januarie 2021		
<b>Oesdatum</b>	10 September 2021		
<b>Besproeiing/droëland</b>	Besproeiing		
<b>Dubbel- of enkelrye</b>	Dubbelry in een wal		
<b>Loofafsterwe</b>	Natuurlik		
<b>Tussenry-spasiëring</b>	1 m		
<b>Inry-spasiëring</b>	37 cm		
<b>Proefperseel</b>	20 m <sup>2</sup>		
<b>Plantestand</b>	27 000 plante/ha		
<b>Bemestingsprogram</b>			
	<b>Voedingswaarde</b>		
	<b>N (kg/ha)</b>	<b>P (kg/ha)</b>	<b>K (kg/ha)</b>
<b>Totaal</b>	265	88	150

van moere is baie belangrik in hierdie verband, aangesien moere wat plantgereed is gewoonlik daartoe lei dat moere beter spruit en die ideale aantal stamme per spruit voortbring in vergelyking met knolle wat nog nie plantgereed is nie.

Moere wat te oud is maak baie stingels en vorm klein knolle. Die plantgereedheid van moere ten tye van plant van die proef, sowel as standpersentasie en halmtelling wat later in die groeitydperk waargeneem is, word in *Tabel 2* aangedui.

Verteenwoordigende grondmonsters is vóór plant geneem en ontleed om die grondvoedingstatus van die proefperseel te bepaal (*Tabel 3*).

**Opbrengs- en bemarkingsindeks**

Die evaluering van kultivars soos in die Bultfontein-kultivarproef, bied resultate rakende onder meer die opbrengs- en bemarkingsindeks. Die bemarkingsindeks van die betrokke kultivars word bereken deur elke kultivar te klas en sorteer volgens gehalte en grootte-groepe (byvoorbeeld Klas 1 Groot of Klas 2 Groot tot Medium).

Dienooreenkomstige prysvergelings word dan gemaak, met markpryse soos verkry ten tye van oes. Die prestasie van nuwe kultivars kan nie net op die resultate van een bepaalde seisoen geskoei word nie, omdat klimaat van een jaar na die volgende kan wissel. Juis daarom word kultivars verkieslik oor 'n aantal seisoene getoets.

Soos met enige gewas is temperatuur, beskikbaarheid van water

**Tabel 2: Karaktereïenskappe rakende groeitydperk, plantgereedheid, stand (%) en halmtellings vir die betrokke kultivars.**

Kultivar	Groeitydperk (dae) <sup>1</sup>		Plantgereedheid <sup>2</sup>	Stand (%)*	Halms per plant	Halms per ha
7 Four 7	Kort	(80)	4	53	4	57 240
Allison	Medium tot lank	(120)	3	94	4.6	116 748
Belmonda	Medium	(100-110)	3	75	2.4	48 600
Connect	Lank	(120)	3	97	5	130 950
Lanorma	Kort	(80-90)	3	83	2.8	62 748
Mondial	Medium tot lank	(110-115)	3	72	4.6	89 424
Noya	Medium tot lank	(120)	3	78	4.8	101 088
Panamera	Medium	(90-110)	3	78	3.6	75 816
Prada	Kort	(70)	3	83	4.2	94 122
Sababa	Medium tot lank	(110-115)	3	64	3.4	58 752
Sifra	Kort tot medium	(90-100)	3	78	4.8	101 088
Sound	Medium	(110)	3	78	5.8	122 148
Taisiya	Kort tot medium	(90)	3	78	4.2	88 452
Tyson	Kort tot medium	(90-100)	3	67	3.6	65 124

<sup>1</sup>Algemene riglyne en kategorieë (dae vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen): Kort: 70 tot 90 dae; kort tot medium: 80 tot 100 dae; medium: 90 tot 110 dae; medium tot lank: 90 tot 120; lank: 90 tot 140 dae.

<sup>2</sup>Plantgereedheid van moere: 1 - vars, 2 - effens vars, 3 - plantgereed, 4 - effens oud, 5 - oud.

\*Standpersentasie is bepaal op een herhaling van elke kultivar wat bestaan uit 18 plante per ry per 10 m, dus 36 plante per plot (dubbelry).

(hetsy goeie besproeiingskedulering of reënval), sowel as hitte-eenhede belangrike faktore wat 'n wesenlike invloed uitoefen gedurende die aartappelplant se groeitydperk. Hierdie faktore word dus in aanmerking geneem wanneer die prestasie van kultivars geëvalueer word.

Toepaslike daaglikse weerdata is vanaf 'n Hortec-weerstasie wat naby die proefperseel opgerig is, verkry. Ongelukkig was resultate slegs vanaf 16 Februarie 2021 beskikbaar, aangesien die stasie eers sedert daardie datum operasioneel was en die naaste Landbounavorsingsraad-weerstasie se temperatuurmetings foutief was vir die betrokke tydperk. Langtermynweerdata is wel vanaf die betrokke LNR-weerstasie verkry.

Die reënval vir die seisoen in Augustus (ná groeitydperk, terwyl aartappels onder die grond geberg was vóór oes) was ongewoon hoog (Figuur 2). Verskeie gehalteprobleme wat ten tye van oes aangeteken is, kan moontlik hieraan toegeskryf word.


Minimum- en maksimumtemperatuur word in Figuur 3 uiteengesit. Altesaam 23 dae met maksimumtemperatuur bo 30°C is vanaf Februarie tot April aangeteken. Temperature onder vriespunt het in 2021 vanaf ongeveer middel Mei begin, en daarmee saam natuurlike loofafsterwe.

### Hitte-eenhede en opbrengsdata


Die versameling van hitte-eenhede gedurende 'n groeitydperk is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n plant. Die tendens van hitte-eenhede beskikbaar vir die kultivarproef van die betrokke seisoen, blyk baie na aan die langtermyndata-tendens te wees tot en met April, met 'n aansienlik hoër versameling van hitte-eenhede vanaf Mei tot September (Figuur 4).

Opbrengsdata wat tydens oesdag versamel is, is aan statistiese verwerking met behulp van die GenStat®-program onderwerp. Die Tukey-toets van kleinste betekenisvolle verskille (KBV) is gebruik om die gemiddelde te skei. Die kultivareffek gedurende die betrokke proef (Figuur 5) was statisties beduidend


Figuur 2: Reënval (2021-seisoen) en langtermyn gemiddelde reënval.



Figuur 3: Minimum- en maksimumtemperatuur (2021-seisoen) sowel as langtermyn temperature.



Figuur 4: Hitte-eenhede (2021-seisoen) asook langtermyn gemiddelde hitte-eenhede.



\*Totale hitte-eenhede spesifiek bepaal vir aartappels as gewas (drumpeltemperatuur = 5°C). Bereken vanaf uurlikse data.



Knowledge grows

# Bemesting deur besproeiing is nou eenvoudig, toeganklik en doeltreffend



## Konsentrasiebestuur is nou nog makliker met Yara plantvoeding

### Eenvoudig

Yara-oplossing vir fertigation – YaraRega™ en YaraTera™ CALCINIT™ is volledig wateroplosbaar en werk met enige besproeiingstelsel. Slegs twee produkte vir alle gewasse en alle groeistadiums volgens plantbehoefte.

### Toegang tot waarde vir die kliënt

YaraRega™ is 'n homogene,

ammoniumnitraat NPK wat werklike waarde bied in vergelyking met tegniese graad bemestingsprodukte.

### Effektiewe bestuur

Minimale verliese.  
Bestuur van element konsentrasies.  
Hoogs effektief.

Gebalanseerde plantvoeding is nou nog makliker met YaraVita™ spoorelemente wat aandag aan "detail" gee.



www.yara.co.za  
infoSA@yara.com

Kantoor 021 877 3500  
Landboukundig - Pieter Brink 082 658 6005


Yara Noord – Petro Gnäde 082 376 3715  
Yara Suid – Jurie de Kock 083 628 9331

Tabel 3: Grondvoedingstatus van proefperseel vóór plant.

pH (KCl)						% KUK <sup>1</sup>			
	P (P-Bray)	K	Ca	Mg	Na	K	Ca	Mg	Na
	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	%	%	%	(%)
5.6	35	175	315	60	10	20	58	20	2

<sup>1</sup>KUK = Kation-uitruilkapasiteit.

Figuur 5: Totale opbrengs en bemarkingsindeks per kultivar as persentasie van die proefgemiddeld.



\*Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.



Die kultivarproef by Bultfontein is in 'n ewekansige blokontwerp met drie herhalings per kultivar uitgelê.

( $p < 0.05$ ) en die koëffisiënt van variasie (KV) was laag (9.9%). Hierdie faktore dui daarop dat die proef goed uitgevoer is en die resultate derhalwe betroubaar is.

Die opbrengs van elke kultivar word deur die proefgemiddeld gedeel (die proefgemiddeld van al die kultivars word as 100% geneem). Hierdeur word 'n opbrengsindex geskep en elke kultivar se prestasie in terme van opbrengs, as 'n persentasie van die proefgemiddeld geles.

**Taisiya en Panamera presteer**


Die gemiddelde opbrengs van die proef vir die 2021-seisoen is 60.39 t/ha, wat aansienlik hoër is as die 2020-proefgemiddeld van 46.77 t/ha. Die kultivars Taisiya en Panamera het die hoogste opbrengs gelewer. Die bogemiddelde opbrengs vir die betrokke seisoen kan moontlik aan goeie weerstoestand toegeskryf word.

Vir die tydperk wat deur die weerstasie aangeteken is, is geen dae met temperature wat 35°C oorskry het aangeteken nie, en die aktiewe groeiseisoen se maksimumtemperatuur het skynbaar ook minder hewig gefluktueer. Oor die algemeen het maksimumtemperatuur meer konstant tussen 25 en 30°C gebly, wat 'n goeie hoeveelheid tyd in optimale groeitemperatuur beteken.


Reëndata dui aan dat ontvangs redelik goed verspreid was vir die waargenome tydperk in die groeiseisoen. Al die bogenelde faktore het gelei tot meer Groot-, Groot-medium- en Medium-aartappels as in die vorige seisoen.

Panamera, Sound, Taisiya en Connect het die hoogste bemarkingsindex behaal en dit kan aan die goeie opbrengs in Groot- en Klas 1-knolle (Figure 5, 6 en 7) toegeskryf word. Groottegroepverspreiding en gradering is onontbeerlike evaluasies wanneer daar na 'n kultivar se bemarkbaarheid gekyk word. Sababa is van groottegroep- en graderingsevaluasies onttrek,


**Figuur 6: Groottegroepverspreiding van elke betrokke kultivar.**



**Figuur 7: Gradering van elke betrokke kultivar.**



**Figuur 8: Prestasie van kultivars wat vir drie jaar in die proef ingesluit was (uitgedruk as 'n persentasie van die proefgemiddeld).**



**Nile.ag**

*Die beste manier om jou  
aartappels te bemark.*

**nile**

**SA se mees innoverende boere**  
verhandel reeds hul varsprodukte  
**deur Nile.ag**



Designed by Pias Media AV0121



## Hoekom Nile.ag?

### LAER KOMMISSIE

Nile.ag digitaliseer die verhandelingsproses wat besparings moontlik maak.

### DEURSIGTE PRYSBEPALING

Jy is in beheer van die prys waarvoor jou volle vrag verkoop.

### VERBETERDE KONTANTVLOEI

Ons beveilig betaling vooraf en betaal fondse binne 24 uur uit.

### GROTER MARK VIR JOU PRODUK

Nile.ag bedryf 'n gesofistikeerde logistieke stelsel wat kopers in landelike areas en buurlande bereik.

Besoek ons webwerf  
**www.nile.ag**  
vir meer inligting of epos  
**louis@nile.ag**  
of skakel  
**071 264 7669.**

Tabel 4: Hoofredes vir afgradering.

Kultivar	Sandspleet	Antraknose	Bruinskurf	Mot	Sagtevrot	Misvorming	Vergroening	Olifantvel	Holhart
7 Four 7	X			X			X		
Allison				X			X		
Belmonda		X		X	X				
Connect				X					
Lanorma				X	X				
Mondial	X		X	X	X	X			
Noya	X	XX	X	X					X
Panamera		X		X					X
Prada	X	XX							
Sifra	X	X	X	X					
Sound				X					
Taisiya	X			X					
Tyson	X			X		X		X	X

aangesien saadvermenging in die kultivar plaasgevind het.


Hoofredes vir afgradering van elke kultivar (Tabel 4) asook interne gehalte is alles belangrike faktore en moet dus ook geëvalueer word. Motskade en relatiewe lae soortlike gewig soos aangeteken in hierdie

proef, is probleme wat kan intree wanneer knolle so lank onder die grond lê vóór uithaal.

Volgens die beskikbare weerdata, is meer hitte-eenhede aangeteken oor die wintermaande as die langtermyn gemiddeld, wat moontlik tot 'n hoër motdruk op die

aartappels wat onder die grond lê, bygedra het.

Soos die aard van seisoene is, fluktueer die prestasie van kultivars van seisoen tot seisoen. Dit is omdat die klimaat eenvoudig nooit eenders is van een seisoen na 'n volgende nie. Derhalwe is dit belangrik om konsekwente prestasie van kultivars oor 'n aantal seisoene in ag te neem. Tyson en Panamera toon tans die minste variasie vir die Bultfontein-proef vanaf 2019 tot 2021 (Figuur 8).

Laastens, wanneer daar na die interne gehalte van aartappels gekyk word, kan kook- en proseseringseienskappe ook geëvalueer word. Om aan proseseringsvereistes te voldoen, moet kultivars aan 'n skyfiekleurnorm van >50 en 'n soortlike gewig (SG) van  $\geq 1.075$  voldoen. Die meeste kultivars het aan die voorgeskrewe skyfiekleur voldoen, maar slegs Belmonda het aan die voorgeskrewe SG (Tabel 5) voldoen. 

Tabel 5: Kook- en proseseringseienskappe van kultivars (uitgevoer deur LNR-Roodeplaas).

Kultivar	Skyfiekleur <sup>1</sup>	DM <sup>2</sup>	SG <sup>3</sup>
7 Four 7	56	16.6	1.063
Allison	48	17.14	1.065
Belmonda	53	20.09	1.079
Connect	53	17.56	1.067
Lanorma	52	17.33	1.066
Mondial	56	15.81	1.059
Noya	57	18.17	1.07
Panamera	47	16.06	1.06
Prada	53	16.86	1.064
Sifra	49	16.85	1.064
Sound	56	18.02	1.07
Taisiya	51	17.56	1.067
Tyson	58	16.44	1.062

<sup>1</sup>Skyfiekleur met 'n waarde van >50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.


<sup>2</sup>Die persentasie droëmateriaal is 'n berekende waarde:  $DM\% = 24.182 + 211.04 * (SG - 1.0988)$ . Die werklike persentasiewaarde sal effens tussen variëteite verskil.

<sup>3</sup>Soortlike gewig van  $\geq 1.075$  is aanvaarbaar vir die proseseringsbedryf.

Vir meer inligting,  
kontak Enrike Verster by  
[enrike@potatoes.co.za](mailto:enrike@potatoes.co.za)  
of Herman Haak by  
[herman@potatoes.co.za](mailto:herman@potatoes.co.za).

# VERMINDER WATERGEBRUIK EN VERHOOG OPBRENGSTE

Nutrico is 'n plaaslike vervaardiger van grond kondisioneerders en biostimulante en gebruik die nuutste tegnologie om waterinfiltrasie, retensie en die effektiewe gebruik daarvan te bevorder, asook om optimale grondbiologie en wortel gesondheid te fasiliteer.



Kry die Nutrico-toepassing vandag!



Sluit by ons aan

011 392 4072

[www.nutrico.co.za](http://www.nutrico.co.za)





# Beter besproeiings- en grondwaterbestuur met TOLERO™


**W**aterlogging en grondversouting is twee belangrike omgewingsprobleme wat in lande regoor die wêreld voorkom, veral in droë en semi-droë lande soos Suid-Afrika. Hierdie probleme het 'n groot impak op grondvrugbaarheid, wat op sy beurt die sukses van gewasopbrengste beïnvloed.

## Versouting van landbougrond


Soutbesproeiingswater bevat opgeloste stowwe bekend as soute, wat chloriede, sulfate, karbonate en bikarbonate van kalsium, magnesium, natrium en kalium insluit. Die soutgehalte van grondwater is afhanklik van grondtipe, klimaat, watergebruik en besproeiingskedules.

Soutgehalte raak 'n probleem wanneer soute in die wortelsone van die grond ophoop. 'n Oormaat soute in die wortelsone verhoed plantwortels om water uit omliggende grond te onttrek. Dit verlaag die hoeveelheid water wat vir die plant beskikbaar is en verhoed uiteraard ook die opname van noodsaaklike voedingstowwe.

**Figuur 1: Die toediening van TOLERO™ op aartappels het 'n verhoging van 32% in opbrengs gehad, gemeet as 'n gemiddelde van die twee proewe.**



**Figuur 2: Die toediening van TOLERO™ op aartappels het 'n verlaging van 7% in grondnatriumvlakke (Na) tot gevolg gehad.**



'n Lugfoto van die TOLERO™-proef op aartappels.

Grond met hoë vlakke van uitruilbare natrium en lae vlakke van totale soute, word sodiese gronde genoem. Swak-gehalte besproeiingswater is die primêre oorsaak van natriumversameling in die grond. Sodiese gronde gee aanleiding tot swak grondstruktuur en waterdreinerings, wat die plant se waterinname belemmer. Swak plantegroei en ontkieming is ook algemeen.

Die goeie nuus is dat sodiese gronde positief reageer op die voortgesette gebruik van goeie besproeiingswater en -metodes, en slim grondbestuurspraktyke, soos die doeltreffende dreinerings van grondvog.

## Waterbestuurstechnologie

Die toediening van grondkondisioneerders deur besproeiingsstelsels is 'n relatiewe nuwe, innoverende waterbestuurstechnologie wat die doeltreffendheid van water optimaliseer en aspekte van die grondstruktuur se gehalte, soos soutinhoud, stabiliseer.

Twee fundamentele groepe grondkondisioneerders vir besproeiing is beskikbaar, naamlik indringings- en retensiemiddels. Indringingsmiddels bevorder indringing in die grondprofiel en verminder waterafloop, -erosie en -verdamping. Retensiemiddels bevorder die waterhouvermoë van die grond en stel water aan plantwortels beskikbaar. Eenvormige en beskikbare grondvog kan plantgesondheid, gewasopbrengste en -gehalte, voedingstofopname en besproeiingsdoeltreffendheid optimaliseer. TOLERO™ (reg. nr. M90, Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 [Wet 36

van 1947]) is 'n unieke samestelling van besproeiingsbestuurstechnologieë, en kombineer die eienskappe van indringings- en retensie-grondkondisioneerders. Dit verhoog die behoud van besproeiingswater regdeur die plantwortelsone en bevorder die gewasgroeiomgewing, insluitend die grondsoutvlakke deur middel van doeltreffende waterindringing in die grondprofiel.

## TOLERO™ op die proef gestel

TOLERO™ se doeltreffendheid om gewasopbrengste te verhoog (Figuur 1), asook om grondsoutvlakke te stabiliseer (Figuur 2), is in 'n onlangse proef op aartappels gedemonsteer.

TOLERO™ is tydens plant deur besproeiingsstelsels tesame met ander chemiese middels toegedien. Die eerste toediening teen 2,5 l/ha, is deur drie addisionele toedienings van 1,5 l/ha, ses weke uitmekaar, gevolg. Die resultate van grond- en blaarontledings, gewasgesondheid, besproeiingswaterverbruik en gewasopbrengs is met 'n onbehandelde kontrole vergelyk.

Die proef wys dat toedienings van TOLERO™ konsekwente opbrengste en hoër aartappelgehalte tot gevolg het. Daarby is waterverbruik met soveel as 10% in behandelde gronde verminder, tesame met 'n daling van 7% in grondnatriumvlakke.

Die verbeterde waterretensie en verhoogde opname van voedingstowwe wat die toediening van TOLERO™ teweeg bring, lei tot sterker plantegroei en verbeterde wortelontwikkeling, veral in die vroeë stadia van gewasontwikkeling.

Vir navrae, kontak Nutrico SA by 011 392 4072 of besoek [www.nutrico.co.za](http://www.nutrico.co.za).

# ASA bring mini-simposium na Ceres/Koue Bokkeveld-boere

Deur Chantel du Raan, Aartappels SA

**A**angesien Aartappels SA (ASA) se navorsings-simposium verlede jaar deur die Covid-19-pandemie in die wêreld gery is, is besluit om mini-simposiums in elke produksiestreek te hou. Nie net skep dit 'n unieke geleentheid om meer op streeks-gebonde uitdagings te fokus nie – dit gee ook aan daardie produsente wat nie die jaarlikse navorsings-simposium kan bywoon nie, die geleentheid om aan die interaksie deel te neem.

ASA se navorsings- en ontwikkelingsafdeling het die voorreg gehad om op 24 November 2021 die dag saam met produsente van die Ceres/Koue Bokkeveld in die Wes-Kaap te spandeer. Die nuutste beskikbare inligting asook huidige navorsingsprojekte is toegelig, en geleentheid is gebied vir bespreking van die resultate en die uitruil van idees. Die kultivarproewe in die gebied het egter die meeste bespreking uitgelok.




Aartappels SA se Ceres/Koue Bokkeveld-mini-simposium het op 24 November 2021 by die Citrus Fruit Growers-bedryfskantore in die Wes-Kaap plaasgevind.


Die gemiddelde opbrengs van 75.1 t/ha vir die 2020/2021-groei-eisoen was 19.5 t/ha laer as die proefgemiddeld van die vorige drie jaar (94.6 t/ha). Die laer opbrengs is in diepte ondersoek en vergelyk met die

Sandveld se resultate, waar daar nie 'n noemenswaardige daling in opbrengs was nie. Die lae opbrengs in Ceres kan moontlik toegeskryf word aan sekere klimaatsomstandighede, wat in dié artikel bespreek word.

**Figuur 1a: Hitte-eenhede vir die Aurora-gebiede gedurende die 2019/2020- en 2020/2021-groei-eisoene.**



**Figuur 1b: Hitte-eenhede vir die Ceres-gebiede gedurende die 2019/2020- en 2020/2021-groei-eisoene.**



\*Totale hitte-eenhede spesifiek bepaal vir aartappels as gewas (drumpeltemperatuur = 5°C). Bereken vanaf uurlikse data.

**Tabel 1: Opsomming rakende kumulatiewe hitte-eenhede en opbrengs vir die Aurora- en Ceres-kultivarproewe vir die laaste twee jaar.**

	Aurora-kultivarproef		Ceres-kultivarproef	
	Kumulatiewe hitte-eenhede aan einde van seisoen	Opbrengs (t/ha)	Kumulatiewe hitte-eenhede aan einde van seisoen	Opbrengs (t/ha)
2019/2020-groeiseisoen	2 420	113.71	2 156.5	99.6
2020/2021-groeiseisoen	2 390	96.42	1 885.5	78.1

**Hitte-eenhede tydens groeitydperk**

Temperatuur is 'n sleutelfaktor in die aktivering van biologiese prosesse en gevolglik die groei en ontwikkeling van plante. Hitte-eenhede is 'n temperatuurrespons van ontwikkeling wat tussen dag en nag verskil, en 'n manier is om 'n hittewaarde aan elke dag toe

te ken. In *Figuur 1a* en *b* word die Aurora- en Ceres-kultivarproewe se hitte-eenhede vir die laaste twee jaar vergelyk.


In *Figuur 1a* verteenwoordig die blou lyne die 2019/2020-groeiseisoen se hitte-eenhede, terwyl die groen lyne die 2020/2021-groeitydperk se hitte-eenhede voorstel. Die rooi lyne dui die

langtermyn gemiddelde hitte-eenhede van die onderskeie gebiede aan. Hier kan duidelik gesien word dat die 2020/2021-groeiseisoen in Ceres (*Figuur 1b*, groen lyn) se hitte-eenhede dieselfde patroon gevolg het as vorige jare tot en met Januarie.

Gedurende die laaste twee maande (Februarie en Maart) was die 2020/2021-seisoen se hitte-eenhede egter aansienlik laer in vergelyking met die vorige jare se gemiddelde hitte-eenhede. Dus het die Ceres-proef se kumulatiewe hitte-eenhede slegs 1 885.5 bereik, wat moontlik die rede kan wees vir die laer opbrengs.

Wanneer Aurora se kultivarproef (*Figuur 1a*) en Ceres se vorige seisoen (2019/2020) se hitte-eenhede vergelyk word, is dit duidelik dat 'n hoër kumulatiewe hitte-eenheid 'n hoër opbrengs tot gevolg gehad het (*Figuur 1* en *Tabel 1*)

**Figuur 2a: Radiasie vir die Aurora-gebiede gedurende die 2019/2020- en 2020/2021-groeiseisoene.**




**Radiasievlakke**

Radiasie is die energiebron vir gewasgroei sowel as vir die proses van ophoping, verspreiding en oordrag van fotosintetiese produkte wat opbrengs bepaal. Daarom is dit veral belangrik om die uitwerking van verskillende radiasie-hoeveelhede op groei in ag te neem. Dit was veral opvallend uit die data dat die radiasie verlaag wanneer daar 'n skerp daling in maksimum temperatuur is.

Wanneer ons kyk na die radiasie van die Ceres-kultivarproef (*Figuur 2b*), kan ons waarneem dat daar gedurende die eerste twee maande (opkoms, knol-inisiasie en vegetatiewe groei) van die groeiseisoen asook gedurende Maart tydens die vullingstydperk, aansienlik laer vlakke van radiasie vir lang tydperke ondervind is. Dit kan moontlik toegeskryf word aan bewolkte dae. ☹

**Figuur 2b: Radiasie vir die Ceres-gebiede gedurende die 2019/2020- en 2020/2021-groeiseisoene.**



Vir meer inligting, stuur 'n epos aan Chantel du Raan by [chantelr@potatoes.co.za](mailto:chantelr@potatoes.co.za)

# Optimal irrigation for optimal yield

The ability to ensure yield and quality, and overcome growing obstacles such as uniformity, long and dry periods, water salinity, fungi stress and more, is pushing more producers towards drip irrigation. The most important benefit of drip irrigation is its much lower water application rate compared to other irrigation systems.

This makes it possible to better manage the root zone, the depth of irrigation and other aspects. This control is especially valuable in challenging soil.

## The perfect soil-water balance

Optimal soil-water balance, as explained above, is crucial to soil health and crop productivity. Drip irrigation creates a wetted bulb

below the dripper, with the soil water content gradually decreasing from the centre towards the outer edges of the wetted bulb. This in turn leads to a gradual increase in oxygen levels from the centre of the bulb towards the outer edges, resulting in a better soil-water balance.

With drip irrigation, it is easier to balance the soil-water balance in the root zone as the entire area is not wetted, and there is always a presence of oxygen in the soil outside and towards the edges of the root zone or wetted bulb.

From an irrigation perspective, root zone health is determined by producers' ability to manage the soil-water balance. Soil is made up of minerals, organic material, water and oxygen. The percentage of minerals and organic material in soil composition is a given, but

*Efficient irrigation contributes to a healthy root zone, which in turn ensures higher production.*



the percentage of air and water is dynamic. More water in the soil will translate to less oxygen and vice versa.

An ideal point of balance between water and oxygen at which plants will thrive, exists for each soil and crop. When farmers irrigate, their aim should be to manage the root zone with precision in order to maintain the perfect soil-water balance.

For more information, contact Netafim South Africa at 021 987 0477 or visit [www.netafim.co.za](http://www.netafim.co.za).



Netafim combines technology, quality and expertise for optimal irrigation. Take control of every drop of water and nutrients.

Speak to Netafim about smart and trusted precision irrigation solutions.



Tel: +27 21 987 0477 • [infoza@netafim.com](mailto:infoza@netafim.com) • [www.netafim.co.za](http://www.netafim.co.za)

# 'n Oorsig van die Oos-Vrystaatse besproeiingskursus

Deur Fienie Niederwieser, Aartappels SA


'n Kursus in besproeiingskedulering is in Januarie in die Oos-Vrystaat aangebied. Ironies genoeg was dit lanklaas só nat in hierdie deel van die land! Gevolglik is besluit om die praktiese gedeelte van die kursus tot 'n meer geleë tyd uit te stel. In hierdie artikel deel ons 'n paar gedagtes vanuit die byeenkomsgesprekke.

## Versuip is so goed as droogte

Plante wat versuip, vrek inderwaarheid van 'n watertekort. Water- en voedingstofopname is nie 'n passiewe proses waar water en voedingstowwe in die wortels diffundeer nie. Wortels het suurstof nodig om water en voedingstowwe uit die grond te onttrek. As die grond deurdrenk is met water, is daar eenvoudig nie genoeg suurstof vir die wortels om hul werk te verrig nie. 'n Tekort aan water en voedingstowwe ontstaan dus in die plant. Eers word die plant geel en sterf dan later af.

Tensy die lewering van besproeiing aangepas kan word, moet dieselfde area nie telkens op dieselfde tyd besproei word nie. *Figuur 1* toon 'n voorbeeld van die besproeiingslewering op sekere tye van die dag. Dit gebeur dat die dele van die sirkel wat telkens op die warmste tyd van die dag besproei word, nie genoeg water kry nie, terwyl die dele wat op koeler tye besproei word, optimaal groei. 🌱

**Figuur 1: Die lewering van besproeiing op sekere tye van die dag.**



Vir enige navrae, kontak  
dr Fienie Niederwieser by 083 634 4848.

## Training to distinguish aphids from other insects

By Janine Snyman, Aphid Solutions (Pty) Ltd

**D**uring January this year, four women working in the greenhouses of Potato Seed Production were trained in aphid identification. Images and diagrams of aphids as opposed to those of wasps and fruit flies, along with diagrams of their wing patterns, were provided to each of the trainees.

After allowing them some time to study the images, the trainees practiced their identification skills with samples that contained a mixture of aphids and other insects (*Photograph 1*). Initially, many small fruit flies were picked out instead of aphids. However, after pointing out the wing venation as well as other specific features unique to aphids, they were given another try.

The trainees began to pick out the aphids with the naked eye, looking

at them through the microscope and then asking the trainer to confirm whether they were indeed aphids.



*Photograph 1: A Petri dish containing various aphid species, having been identified and separated from a sample containing a variety of other insects.*

By lunchtime, only aphids had been picked out and confirmed by viewing through the microscope.

Some of the aphids picked out had lost their wings, while some were without wings and antennae, demonstrating that the trainees had successfully mastered aphid identification. It is to be expected that they will likely still miss a percentage, although their accuracy will improve with practice.

Identifying and counting of aphids will aid in aphid control in terms of knowing the number of winged aphids (alate) present in a specific field. 🌱

For more information, contact  
Janine Snyman at 076 437 1781  
or [aphidsolutions@gmail.com](mailto:aphidsolutions@gmail.com).



# die stamina vir vroeë roes beheer

**Tweeledige aksie:** difenokonasool genees bestaande vroeë roes infeksies terwyl ADEPIDYN™ tegnologie volgehoue beskerming verseker.

**Regte plek, regte tyd:** ADEPIDYN™ tegnologie se stadige sistemiese beweging deur die blaar se waslaag verleen kragtige blaarbeskerming en verseker sodoende die biomassa wat ontwikkelende knolle benodig.

**Karboksamied tegnologie, herontwikkel:** ADEPIDYN™ tegnologie is 'n nuwe klas karboksamied. Sy hoë affiniteit vir die waslaag van blare verskaf langer nawerking en verbeterde reënvastheid binne 1 uur. Slim tegnologie, ongeag die weer.

**Doeltreffend. Slim. MIRAVIS® Duo.**



 **Miravis® Duo**

**syngenta®**

LEES DIE ETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE.  
MIRAVIS® Duo bevat Adepidyn™ (pydiflumetofen) en difenoconasool (Reg. nr. L10750, Wet 36 van 1947) SKADELIK.  
MIRAVIS® Duo is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy.  
Syngenta Suid-Afrika (Edms) Bepk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel. (011) 541 4000.  
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg op hierdie dokument word voorbehou. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

## Deel 7: Sclerotinia-verwelk

Deur Chantel du Raan, Aartappels SA

### Sclerotium rolfsii

1

- 'n Grondgedraagte patogeen.
- Nie 'n ernstige probleem nie, maar gevalle is aangemeld waar verliese gely is.
- Hierdie siekte word versprei via draadagtige wit filamente en sklerotium (ronde, kompakte, verharde swammiselium) in plantreste en besmette grond (Foto 1 en 2).
- Besmette knolle word in warm, nat toestande opgemerk en gewoonlik aan die einde van die groeiseisoen waargeneem.



Sklerotium wat besig is om te vorm.

2

### Simptome



Sklerotium wat besig is om te vorm.

- Grondgedraagde sklerotia dring stambasisse binne en vorm waaieragtige wit miseliumgroeï wat na die knolle versprei (Foto's 1, 2, 3 en 4).
- Witterige miselium groei op die knolle en is baie kenmerkend (Foto's 1, 2, 3 en 4), so ook die teenwoordigheid van sklerotium (Foto 1 en 2).
- Die onderste blare raak chloroties, waarna die hele plant verwelk.
- Nadat knolle geoes is, droog die wit miselium uit en word dit nie werklik opgemerk nie.
- Vrot knolle kan ook skouspelagtige simptome ná oes toon, met talle swart sklerotia wat uitbars.

### Gunstige toestande vir siekte-ontwikkeling en alternatiewe gashere


3

- Hoë temperature (28 tot 30°C) en hoë relatiewe humiditeit.
- 'n Wye alternatiewe gasheerreëks: ten minste 500 spesies in 100 families is vatbaar.
- Enkele belangrike gewasgashere sluit in tamatie, mielies, bone, patats, ui, kool, pampoen, tabak, peulgewasse, wartlemoen, spanspek, wortels, beet, mostert, sojabone, soetrissies en grondbone.
- Enkele belangrike voer- en onkruidgashere sluit in lusern, kruisvingergras, kweekgras, muggiegras, uintjies, breëblaarterpentyngas, nastergal, olieboom, misbredie, perdeblom en klawer.
- Swamme kan op reste van alternatiewe gashere oorleef.



4

### Beheermaatreëls



- Goeie bestuurspraktyke is die enigste manier om die siekte doeltreffend te beheer.
- Geen swamdoder is vir die beheer van die siekte in Suid-Afrika geregistreer nie.
- Verwyder of ploeg plantreste diep in (minstens 20 cm).
- Verwyder en vernietig besmette plante (sanitasie).
- Beheer gasheeronkruid.
- Pas wisselbou toe met nie-gasheerplante.
- Digte loofontwikkeling (bv. hoë stikstofbemesting) verhoog die risiko van skade deur 'n hoë voginhoud aan die basis van die stamme te onderhou.
- Spasieer plante wyer uitmekaar waar siekte 'n probleem is.
- Vermyn 'n digte plantestand.
- Besproeiingstydperk – verkort blaarbenuttingstydperk. 🌱

**Bronne:** • Denner FDN, Venter, SL. 2011. *Handleiding vir Aartappelproduksie in Suid-Afrika*.  
 • FN3PT-, GNIS-, Arvalis-Institute. 2011. *A Practical Guide to Disease, Pests and Disorders of the Potato*.  
 • Bradshaw et al. 2007. *Potato Biology and Biotechnology Advances and Perspectives*.  
 • Agrios, G.N., ed. 1978. *Plant Pathology, Fifth Edition*, Academic Press, New York.  
 • Pfeufer E, Bradley C, Gauthier N. 2018. *Fact sheet: Southern Blight*. University of Kentucky.

Vir meer inligting, kontak  
 Chantel du Raan by  
[chantelr@potatoes.co.za](mailto:chantelr@potatoes.co.za).

spesialis tegniese  
ondersteuning

# dit begin op die plaas



**InteliGro is 'n produsent-gesentreerde maatskappy wat saam met ons kliënte werk om optimale kwaliteit gewasproduksie te realiseer.**

Ons fokus is op volhoubare geïntegreerde gewasoplossings wat onder andere 'n in-diepte kennis van die volgende kernvakgebiede insluit:

- Gewasfisiologie en -produksie
- Plae en ander gewasuitdagings
- Geïntegreerde gewasbeskerming- en plantvoedingoplossings
- Marktoegangvereistes

**InteliGro** is trots op ons kwaliteit Gewas Adviseurs wat aktief in die veld betrokke is en produsente bystaan met die regte advies en kundige, professionele diens. Ons CCA-program (Certified Crop Advisor) ondersteun die Gewas Adviseurs om op verskeie vlakke van hul kliënte se besighede insette te kan lewer en daardeur 'n daadwerklike verskil te maak op die plaas.

**Kontak InteliGro sodat ons op jou plaas betrokke kan raak.**



info@inteligro.co.za  
www.inteligro.co.za



**InteliGro**  
intelligent crop solutions



# Meshack Ndongeni: A diversified farm planning approach for greater liquidity

By Rachichi Marokane, Potatoes SA

**T**o an emerging farmer, a complex planning scenario might entail the inclusion of uncorrelated farming enterprises.

When it comes to capital injected into a diversified farm entity, an on-farm value chain approach is essential. Most importantly, retaining good cash flow remains a key factor in any successful entity.

In this context, reference can be drawn from Meshack Ndongeni, a potato producer on the verge of running a potato enterprise on a sustainable commercial scale.

## A case of bartering

Having lost his father at a relatively young age, Meshack found it a challenge to follow his dream of farming. In the village where he grew up, the majority of households were farming maize on a small scale on communal land. His mother identified an opportunity to plant potatoes on 4 ha on a rotational basis.

At the time, formal marketing channels were limited. Coupled with asymmetric information, the villagers would participate in bartering where, in Meshack's case, he would trade a 10 kg bag of potatoes for a 20 kg bag of maize. As potatoes are highly perishable compared to maize, he would store the maize once it was harvested in July and later resell it in the local villages in December when prices were relatively high. This allowed him to, unlike others, trade throughout the year.

With government shifting its focus to socio-economic development and inclusive agrarian reform, he saw an opportunity to participate in the Massive Food Production Programme launched by the Eastern

Cape Department of Agriculture in 2005. As part of the programme, Meshack joined the service providers who planted grains for other farmers, using his one tractor. From there on he expanded by purchasing more tractors and was subsequently able to offer his services at other rural development projects. He currently owns 21 tractors.

Meshack started farming at commercial level in 2013 when he received a 942 ha portion of land under the Proactive Land Acquisition Strategy of the former Department of Rural Development and Land Reform (DRDLR). Before that, he farmed on leased land where he planted grains. Obtaining land from the DRDLR enabled him to expand his production capacity and to consider other commodities for a diversified farming approach.

## An effective crop rotation plan

